DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**13 Februarie 2022**



Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | 1 Korintiërs 3: 9b - 22 |
| **Tema** | Wees betroubare bouers in die Koningkryk |
| **Sang** | Psalm 18: 1, 14<br>32: 1, 5<br>38: 1, 13<br>119: 7, 29<br>Skrifberyming : 15-7: 1, 2, 6 |

Daar was verskriklike verdeeldheid in die gemeente in Korinte. Die apostel is bekommerd omdat daar ‘n verkeerde gees in die gemeente heers. Vir Paulus is die Kerk nie ‘n plek vir die verkondiging van menslike wysheid met die gepaardgaande vorming van partyskappe nie. Hy vergelyk die Kerk met ‘n gebou, waaraan alle mense, wat in diens van God staan, besig is om te werk. Drie aspekte van die bouproses tree hier na vore:

* Die fondament van die gebou = Christus
* Die boumateriaal = die verkondiging van die Evangelie van die kruis
* Die tipe gebou wat gebou word = die tempel van God.

Die tempel is die gevolg van die werking van die Heilige Gees. Daarom is almal in die gemeente betrokke by die heiliging en verdieping van die kennis en vertroue in die Here. Almal se denke moet verander en vernuut word om te besef dat daar in ‘n heidense gemeenskap anders opgetree en gedink moet word. Ons fokus is op die 3-Enige God. Elkeen wat op die fondament bou, is ‘n bediende/kelner wat Christus bedien. Die bouers is nie dieselfde as die persoon wat die fondament gelê het nie. Hulle werk is om op die regte fondasie voort te bou. Die fondament skuif nie na gelang van tyd en omstandigheid nie. Daar is net een vaste punt – die Here self.

Die 6 verkillende soorte materiaal is nie in orde van duursaam na goedkoop nie, maar oor hoeveel vuur dit kan verduur, voordat dit uitbrand. Waarmee bou jy aan jou eie en jou kinders se lewe in julle verhouding met die Here? Huwelik, werk ens. Sommige skeep af, terwyl ander weer met die kosbaarste materiaal werk. Sommige Christene meen dat hulle met hout en hooi en stoppels kan wegkom - terwyl ander uit die liefde van hul harte goud, silwer en kosbare edelstene aandra. Net die beste vir die Here!  Die vuurtoets is op pad. Is jy gereed vir jou toets? Gaan dit ‘n glorieryke dag wees of sal daar net rokende puin oorbly? Ons weet dat ons net deur die genade van die Here gered word. Ons het niks om aan te bied vir ons verlossing nie.

Maar die Here Jesus verwag van ons dat as ons Hom volg, ons dit voluit met die regte gesindheid sal doen. Gebruik jou talent ten beste om jou geestelike huis op Jesus die lewende Woord te bou.

Lees die gelykenis van die muntstukke in Lukas 19: 11 – 27 – en dink oor jou eie lewe én jou bouwerk.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir tannie Ans vd walt wat in Limcare opgeneem is. Ons bid haar kinders ook die seën van die Here toe met hulle hulp en bystand.
* Ons is dankbaar dat Adriaan vd Walt goeie vordering toon in sy herstel. Ons bid vir jou en Elzje met die ingrypende verandering in julle lewe. Hulle wil ook die gemeente bedank vir die voorbidding en ondersteuning wat hulle ontvang.
* Ons is dankbaar dat Riana Olivier tuis is en op die herstelpad is na die heupvervanging. Seën vir julle almal.
* Ons bid vir Antoinette Sauerman wat baie pyn verduur na die operasie aan haar hand. Sy kan net haar linkerhand gebruik. Mag die Here jou geestelike krag gee in jou omstandighede.
* Ons is dankbaar dat dit met Annemarie Koekemoer beter gaan. Seën vir die volgende paar weke.
* Uit die pastorie bedank ds Sarel en Tialeen die gemeente vir al die liefde wat ons ontvang. Baie dankie vir al die oproepe en boodskappe op my verjaarsdag en ook die goeie wense vir Tialeen met haar prosedure. Ons waardeer dit baie en baie dankie vir my hemde.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 13 FEB

**Diensbeurt:** Wyk D5

**Katkisasie:** Graad 6

**Ouderling:** **Kudu Pretorius**

**Diaken:** **Shawn Koekemoer**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# TEESKINKBEURTE



**13 Februarie 2022** **Almal wat beskikbaar is.**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 14 Feb 2022 | 18:00 | ***Kerk*** | Diakens vergadering |
| 15 Feb 2022 | 09:00 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 16 Feb 2022 | 18:30 | ***Kerk*** | Bybelstudie |
| 16 Feb 2022 | 19:00 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 17 Feb 2022 | 09:30 | ***Alta Theron*** | Bybelstudie |
| 17 Feb 2022 | 19:00 | ***ZOOM*** | Bybelstudie |



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 13 Feb | **Gerhard Maritz *** | **74** | B | 083 461 6974 |
| Ma 14 Feb | Jan Albertyn | 53 | B | 082 895 9150 |
| Di 15 Feb | Albert Coetzee | 63 | B | 083 627 6821 |
| Wo16 Feb | **Dewald Hattingh ***<br>Lejanru Olivier | **76**<br>1 | B<br>D | 082 460 3237<br>073 954 3535 |
| Do 17 Feb | Susan Petitt<br>Reinhardt Weidemann | 55<br>35 | B<br>B | 083 959 2290<br>082 610 0623 |
| Vr 18 Feb | Mignon Potgieter | 17 | D | 084 505 3830 |
| Sa 19 Feb | **Lettie Coetzee ****<br>Ina Erasmus | **88**<br>60 | B<br>B | 072 375 0422<br>078 682 8555 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| So 13 Feb 2016 | Reinhardt & Melanie Weidemann | 6 | 082 610 0623<br>083 419 2911 |

# YOUTUBE KANAAL

Lidmate moet asb kennis neem dat al die eredienste **"Life gestream"** word op YouTube.

Lidmate sal die link op die YouTube WhatsApp groep ontvang en kan dan die link volg om eredienste op 'n slimfoon, tablet of rekenaar te volg.

**Eredienste begin steeds Sondae om 09:30 in die kerkgebou.**

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Laat almal wat by U hulp soek, jubel en bly wees oor U, laat dié wat op u hulp staatmaak, altyddeur sê: "Die Here is groot!"**

**Psalm 40: 17**

# SILWERDOPPERS

Die Silwerdoppers word herinner aan die uitstappie op **Woensdag 16 Februarie** na Nylsvlei.

**Hulle vertrek vanaf die kerk om 07:00**. Maak asb seker dat almal betyds aanmeld sodat ons almal saam kan vertrek.

Onthou asb dat elkeen wat saam met ons gaan, hulle **eie mandjie met eet en dinkgoed** moet saam bring.

ONTHOU ook om **'n kampstoel** ook in te pak.

Vir meer inligting skakel vir Marina vd Walt op 072 135 6905.

**KOM EN GENIET DIE UITSTAPPIE SAAM MET ONS!!!!!**



## BASUIN PLASINGS

# Akademie Reformia

*Soli Deo Gloria*

**VAKATURE : AKADEMIE REFORMIA**

## POS : SKOOLHOOF

Indien u 'n dinamiese leier is met 'n passie vir Skrifgefundeerde skoolbestuur en onderrig, verneem ons graag van u.

**VEREISTES :**

- Lid van die Gereformeerdesusterskerke, of AP-Kerk wees.
- Insig t.o.v. gereformeerde onderwys.
- Minimumvereiste van B-Ed Graad of NGOS.
- SACE Registrasie
- Toepaslike skoolleierskapservaring.

Aanduiding van u vermoë en ervaring in die afrigting van buite-kurrikulêre aktiwiteite.

**AANSOEKE:**

Indien u aan bogenoemde vereistes voldoen, voorsien ons van die volgende:


Curriculum Vitae.
Getuigskrif van u huidige predikant.
'n Dekbrief met meer inligting waarom u die geskikte kandidaat vir die pos is.


Aansoeke kan gestuur word na hoof@akademiereformia.co.za of ingedien word by die skoolkantoor.

Let wel:

Daar word slegs van u verwag om bewyse van kwalifikasies in te dien sou u genooi word vir 'n onderhoud.
Akademie Reformia behou die reg om geen aanstelling te maak nie.

**SLUITINGSDATUM : 31 Maart 2022**
**INDIENSTREDING : So gou as moontlik.**


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 122 126.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 129 326.00
R 106 109.61
AUG
R 112 226.00
R 155 878.92
SEP
R 112 611.00
R 125 038.92
OKT
R 111 270.83
R 131 749.06
NOV
R 119 456.00
R 148 081.17
DES
R 148 026.00
R 139 167.17


DIAKONIE INKOMSTE & UITGAWES 2021
INKOMSTE
UITGAWES
R -
R 10 000.00
R 20 000.00
R 30 000.00
R 40 000.00
R 50 000.00
R 60 000.00
FEB
R 36 533.50
R 50 317.40
MRT
R 41 630.70
R 22 141.76
APR
R 23 858.80
R 35 979.75
MEI
R 48 167.00
R 27 227.60
JUN
R 15 887.90
R 32 103.94
JUL
R 17 220.00
R 16 514.38
AUG
R 19 667.20
R 28 444.27
SEP
R 22 410.00
R 18 569.61
OKT
R 29 313.70
R 22 972.78
NOV
R 45 686.72
R 19 607.58
DES
R 26 780.00
R 26 363.64

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks) |
| Faksnommer | 086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Julle is ook die gebou van God.*

*1 KORINTIËRS 3: 9(b)*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS